

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 121 - 6 Oktober 2017 saam
met Koersvas 120



NGB Artikel 13

Die gesprek rondom die voorsienigheid van God is nooit 'n maklike een nie. Die rede daarvoor is dat ons ons (meer as met ander sake) op 'n terrein bevind waaroor die Bybel nie duidelike inligting gee nie. Ons glo en bely dat die Bybel alle inligting bevat wat ons nodig het vir ons saligheid. Ons hoef geen ander bron te raadpleeg om te weet hoe om geluksalig te lewe en sterwe nie. Daar is ook geen ander bron beskikbaar nie. Net so is die Bybel ons enigste bron van inligting oor God en wat God doen. God se self openbaring sentreer rondom die redding van die mens (met ander woorde ons saligheid). Die Bybel is baie kripties oor God se voorsienigheid. Ons weet wel dat skepping en voorsienigheid saam verstaan moet word. God het met 'n doel geskep en Hy bestuur die skepping op so 'n manier dat hierdie doel realiseer sal word. Ons het in artikel 12 reeds gesien dat God se eer en die lof wat God toekom in die wese van die kosmos ingewef is. God skep die diere van die veld, onderhou die diere van die veld en bestier dit so dat hulle volgens hulle skeppings doel bestaan. Die artikel in die NGB lui as volg:

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie. Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie, en dra Hy

ook nie die skuld daarvoor nie. Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig. Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; intendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is. Ons is tevrede daarmee dat ons leringe van Christus is om slegs te leer ken wat Hy in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.

Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom nie, maar alles deur die beskikking van ons hemelse Vader oor ons kom. Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde kan val nie (Matt. 10:29-30).

Ons verlaat ons hierop, omdat ons weet dat Hy die duiwel en ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie. Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

Die term "voorsienigheid kom nie in die Bybel voor nie. Daarmee saam het

taalgebruikers soms 'n geneigdheid om die betekenis van 'n woord te verander, die betekenisveld te verbreed of dit te vernou. Die Afrikaanse gebruik om te praat van die Voorsienigheid en daarmee God te bedoel, is een so 'n verskynsel. Die woord word dan ook in 'n deterministiese berusting bui gebesig. Die woord kan ook meer ruim verstaan word. Voorsienigheid verwys na God se vooruitskouende sorg en begeleiding oor die skepping. God is besig om die heelal en die sake van die mensdom met wyse goedgunstigheid te begelei. Die leser moet fyn oplet dat die woord "begelei" gebruik word en nie 'n woord soos "bestuur" of "bepaal" nie. In die kommentaar wat nou aangebied word, is die **NGB bewoording in vetdruk** en die kommentaar in gewone druk.

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie

Reeds in die eerste sin van die artikel sien ons duidelik dat God se voorsienigheid binne die konteks van die skepping verstaan moet word. Dit is 'n baie belangrike punt om raak te sien. Voorsienigheid moet interpreteer en verstaan word binne die konteks van die skepping, nie enige ander konteks nie. Natuurlik is God in alle aspekte van ons lewens betrokke. God is ook die God van die geskiedenis en ook die geskiedenis loop uit na 'n doel wat deur God bepaal is. Dit beteken nie dat elke gebeurtenis aan God se voorsienigheid toegeskryf kan word nie, maar eerder aan God se betrokkenheid. Om die voorsienigheid as 'n historiese konsep te verstaan, is om kategorieë met mekaar te verwar.

God het nie die heelal geskep en toe alles net so aan eie willekeur en toeval oorgelaat nie. Die dualisme wat stel dat God nie meer betrokke is by die skepping nie, moet verwerp word. God is nie verwyderd nie en staan nie belangeloos buite of teenoor die kosmos nie.

Aan die ander kant is dit ook nie korrek om te stel dat God die skepping in aansyn geroep het, die geskiedenis geskryf het en nou die geskiedenis laat afspeel nie. In moderne terme gestel; God het nie die rekenaar gemaak (kosmos geskep), die program/sagteware geskryf (alles bepaal en vooruit beslis) en wag nou vir die program om deur te loop nie. Die skepping is nie 'n wekker wat gemaak, opgewen is en nou afloop nie. Die Here is steeds betrokke by die kosmos en is besig om seker te maak dat toeval nie die kosmos van sy doelmatigheid verwyder nie.

God het alles geskep. Dit beteken alles het waarde. God onderhou en bestuur die skepping doelmatig. Dit beteken alles behou hulle waarde.

Die Voorsienigheid is ook nie deel van die skepping nie. God het die skeppingswerk in ses dae voltooi. Op die sewende dag het Hy gerus. Tog is God steeds net so betrokke by die voorsienigheid as wat God betrokke was by die skepping.

maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.

Artikel twaalf het reeds aangedui dat God alles met 'n doel geskep het, die sigbare en die onsigbare, skepsel en engele. Alles is met 'n doel geskep elk op sy plek, elk met 'n eie taak en funksie, almal gesamentlik in harmonie om God se doel met die skepping uit te beeld.

Ons kan nie met sekerheid die redes vir gebeurtenisse aandui nie, Ons kan nie eens God se hand in die gebeurtenis onbetwisbaar aandui nie. Ons glo en bely tog dat God op 'n manier betrokke is by dit wat gebeur. Die aard van God se betrokkenheid kan nie aangedui word nie. Ons kan wel met sekerheid stel dat daar 'n doel agter die gebeurtenis lê. Die absolute terme waarin hierdie artikel gestel word, val op. Deur te stel dat niks sonder God se beskikking gebeur nie, is om te verseker dat die mens nie in angstige ooreenstemming met elke gebeurtenis moet wonder of tevrede is nie. Ons kan ons energie anders bestee as om te wonder oor elke gebeurtenis, te wonder of dit deel van God se beskikking is of nie.

Dit is dan belangrik om verder uit te wissel oor die beskikking van God. Hierdie beskikking in die skepping het ten doel om Sy lof te bevorder. Dit beteken dat ons versigtig moet wees om waardeoordele uit te spreek. Net soos die leeu die bokkie vang omdat hy honger is en dit nie "wreed" is nie, net so gebeur alles in die natuur doelmatig. Die aardbewing, die orkaan, die vloed en die droogte is almal deel van 'n ritme in die natuur. Hierdie ritme verstaan ons nie ten volle nie, al ondersoek ons dit al jare. Net omdat ons nie die ritmes van die kosmos verstaan of kan aandui nie, is dit nie 'n rede om aan God se voorsienigheid as bestuur en regeer te twyfel nie.

Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie, en dra Hy ook nie die skuld daarvoor nie.

Die kosmos is die groot teater van God se heerlikheid en eer, dit is die plek waarbinne die groot drama van die redding van die mens vanuit die kloue van sonde afspeel. Ons belang is daarom nie

by die ruimte van die engele en geeste nie. Ons heilsgeskiedenis is besig om in hierdie wonderlike opelugteater af te speel. Elke skepsel is doelgerig geplaas en word deur die Here self bestuur en beheer. Tog loop alles nie altyd soos God wil nie. Die mens is die vryheid van keuse gegee en het gekies om teen God te kies en homself teenoor God te stel.

God is met ander woorde nie die een wat die sonde in die kosmos geskep het nie, dit is die mens wat in opstand gekom het. Dit beteken dat sonde en die skuld vir die sonde nie voor God se deur geplaas kan word nie. Die feit dat God vryheid van keuse gegee het, impliseer dat die mens daardie vryheid kon opneem, maar ook die gevolge en skuld vir die keuse moet dra. Het die mens gekies om nie te sondig nie, sou alles anders gewees het. Ons kan nie eens spekulêr daaroor nie.

God het nie die sonde geskep nie en is ook nie besig om die sonde te onderhou nie. God is besig om die kosmos te bestuur, ten spyte van die sonde en die vernietigende effek van die duister magte van sonde.

Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer,

Hierdie belydenis is in lyn met ons verstaan van die skepping. God het alles goed geskep. Dit is daarom logies dat God goed en regverdig sal beskik oor hierdie goeie skepping. God wat uit niks geskep het, het daarom ook die almag om - ten spyte van sonde en die bose - alles goed te bly bestuur. Ons kan veilig voel en met waagmoed lewe, God is in beheer. Ons Vader se bestuur is van so 'n aard dat alles wat gebeur tot ons beswil sal uitloop. Ons kan net dankbaar kennis

neem dat die Bybel ons leer dat God se goedheid en mag saam genoem word. Hoe anders sou dit wees; indien God se oordeel en mag saam genoem sou word.

selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig.

Daar is twee partye wat teen God werk en Sy voorsienigheid deur hulle optrede in die wiede probeer ry. Die een is die duiwels. Oor hulle optrede en hulle vernietigende pogings kan ons nie veel sê nie. Ons bely net dat God, ten spyte van hulle handeling, steeds oor Sy skepping beskik.

Die ander groep wat so handel dat dit die kosmos bedreig, is die goddelose mense wat onregverdig handel. Daar word spesifiek na die goddelose mense se optrede verwys. Die rede daarvoor is waarskynlik dat gelowige mense se optrede anders is teenoor die skepping. Gelowige mense weet dat hulle net rentmeesters is wat 'n opdrag ontvang het om die skepping te versorg en goed daarvoor te heers. Dit is goddelose mense wat vergrype pleeg deur die skepping op verskillende maniere te probeer verniel en vernietig. Hulle wil nie altyd die skepping vernietig nie, soms wil hulle net 'n eie agenda volg of vir eie gewin iets doen. Tog is hulle optrede skadelik vir die natuur. Dit pla hulle nie. Hulle sien eie wins en voordeel raak en verniel dan die kosmos. God regeer en bestuur goed, ten spyte van die optrede van hierdie sondige mense.

God se bestuur, ten spyte van mense se bose optrede, kan aan die hand van Josef se geskiedenis illustreer word. Ten spyte van Josef se broers se jaloerse optrede, ten spyte van Potifar se vrou se listige ydelheid, ten spyte van vergeet, gebruik God vir Josef in hierdie hele geskiedenis om te verseker dat Jakob en sy nasate sal

oorleef tydens 'n knellende droogte. Genesis 50:20 "*Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het*". God het nie die droogte gekeer nie, maar omstandighede so verander dat Hy sy beloftes aan Abraham gestand kon doen. God gebruik met ander woorde selfs die geskiedenis om Sy skepping te onderhou.

Die historiese situasie tydens die koms van die Seun is net so bewys van God wat, te midde van 'n bose geskiedenis, alles laat meewerk sodat die Heiland sy werk kan kom doen.

Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie;

Per slot van sake is die menslike verstand beperk in vermoë. Selfs die Einstein-verstand stuit ook voor sekere geheimenisse. Daar is 'n punt waar verdere denke niks meer as ydele spekulasie is nie. Ons begryp nie eens alles rondom ons nie, hoe kan ons God se hoër handeling raaksien, verstaan of selfs bevraagteken? Ons moet daarteen waak om met nuuskierigheid te gaan soek daar waar ons nie moet soek nie. Dit beteken nie dat ons in egte skilpad styl niks moet ondersoek nie, ons moet net onthou: *There are more things in heaven and earth, Horatio,*

Than are dreamt of in your philosophy. - *Hamlet (1.5.167-8)*, Hamlet aan Horatio
Ons kan nie begryp hoe dit kan wees dat God met ons kan wees nie, en tog gebeur dit.

Inteendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is.

Daar is net een houding wat toepaslik is in hierdie situasie. Dit is om te erken dat God se oordele regverdig is, al is hulle soms vir ons duister. In nederigheid kan ons dit net aanvaar en aanhou om God te aanbid.

Ons is tevrede daarmee dat ons leringe van Christus is om slegs te leer ken wat Hy in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.

Hierdie stelling moet eintlik by verskeie van ons belydenisse herhaal word. Ons kan van God net dit leer ken wat Hy in die Bybel openbaar. Ons moet kennis neem dat enige soeke na kennis buite die Bybel 'n oorskryding van grense impliseer.

Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom nie, maar alles deur die beskikking van ons hemelse Vader oor ons kom.

Dit moet hier duidelik gestel word dat die gebeure in die skepping eerstens in die kollig staan met hierdie stelling. Ons omgaan met die natuur en die impak van die natuur op ons menswees geskied nie sonder die aktiewe teenwoordigheid van die Here nie. Dit is belangrik dat ons twee uiterstes sal vermy met ons interpretasie van hierdie troos.

Aan die een kant moet ons weet dat toeval en onvoorspelbaarheid vir die mens moontlik lyk. God weet van alles en niks kan toevallig gebeur nie, ons bestaan is nie 'n dobbelspel nie.

Aan die ander kant is daar geen determinisme in die stelling opgesluit nie. God se beskikking en God se wil dui aan dat God kennis dra van iets en dit toelaat om te gebeur.

God se "wil en beskikking" moet reg verstaan word. God wil nie dat die mens

sondig nie, wil nie dat die mens sterf nie, God wil dat die mens in liefde en vreugde 'n wonderlike lewe ervaar waartydens God gedien word. God laat egter keuse toe. Keuse en veral menslike keuse val nie altyd binne dit wat God begeer nie. Die feit dat God iets toelaat wat teen sy finale doelwitte is, impliseer dat ons nie in die konteks van hierdie is meganiese determinisme kan inlees nie. Die goeie en die slegte wat gebeur, word deur God toegelaat. God weet wat gaan gebeur, laat die slegte toe, maar bestuur dit so dat dit tot ons beswil is.

Die dood van 'n geliefde is God se wil in die sin dat Hy dit toelaat. Dit is nie God se wil nie in die sin dat God wil hê dat ons moet lewe.

Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde kan val nie (Matt. 10:29-30).

God se betrokkenheid by ons is baie meer intiem as wat baie mense sou wou erken. God weet selfs van die hare wat ons nie eens kan tel nie. God weet watter een gaan uitval of grys word. God laat al hierdie dinge in ons lewens toe. God se Voorsienigheid het met ander woorde te make daarmee dat God betrokke is by selfs ons diepste geheime. God ken ons reeds voor geboorte (Psalm 139).

Ons verlaat ons hierop omdat ons weet dat Hy die duiwel en ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie.

Ons het geduld en berusting nodig. God is ons buffer. Hy staan tussen ons en die bose. Ons sal nie totaal uitgelewer wees

aan die ongenaakbare wreedheid van ons vyande nie.

Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

Die Sadduseërs het soortgelyke oortuigings gekoester. Hulle het die wêreld en ons omstandighede as God-

verlate interpreteer. Hulle is verkeerd. God is oral teenwoordig, oral en altyd betrokke. Sommige dinge laat God afkeurend toe. Soms is God vol vreugde saam met ons besig om te jubel. Soms laat God dinge toe en treur dan saam met ons oor die verskriklike ramp wat ons tref. God is betrokke by ons in ons hele bestaan.